# HANDELINGE VAN 'N HANDELENDE SINODE

Die taakspan wat die 19de gewone vergadering van die Noordelike Sinode moes reël het ‘n duidelike opdrag gekry. Daar moes drie kernelemente wees: verantwoordbare besluitneming, gesonde verhoudingsbou en kreatiewe funksionering.

Hierdie kompilasie van die sinode se handelinge vertel iets van die baie dinge wat by die sinode gebeur het, maar dit is moeilik om die gees van entoesiasme wat by die sinode geheers het in die formaat van ‘n formele dokument saam te vat. Die dokument word egter aangebied met die verwagting en gebed dat die kreatiwiteit wat by die sinode sigbaar was ook ‘n positiewe invloed op die gemeentelike bediening sal hê.

GERRIT CLOETE
Skriba Noordelike Sinode